Die engelman
Izak De Vries
Vrae
LETTERLIK

Vraag 1.

1.1. Watter tyd van die dag het Chris ‘n brief gekry? (1)
1.2. Wie het vroegoggend vebry Chris geloop toe hy die brief gekry het? (1)
1.3. Watter taal het die meisies gepraat wat vroegoggend verby Chris geloop het op die dag wat hy die brief gekry het? (1)
1.4. Wie wil Chris naby hom hê sa hy so verlang? (1)
1.5. Watter deel van sy liggaam onthou sy pa se groet? (1)
1.6. Watter deel van sy liggaam onthou sy ma se groet? (1)
1.7. Watter deel van sy liggaam onthou sy Natalie se groet? (1)
1.8. Wat het Natalie anders as ander meisies gemaak? Gee twee feite. (2)
1.9. Noem DRIE dinge wat hy saam met ander meisies gedoen het. (3)
1.10. Wie wou nie dat Natalie saam met hom Engeland toe gaan nie? (1)
1.11. Wat het hy amper gedoen toe dit gebeur het? (1)
1.12. Waarin is beide hy en Natalie geïnteresseerd?
1.13. Wat is die naam van die klein kusdorpie in Engeland waar Chris gaan werk het nadat hy graad 12 klaargemaak het? (1)
1.14. In watter deel van Engeland is Dover? (1)
1.15. Watter bekende natuurkundige is van Dover? (1)
1.16. Watter baie bekende boek, waarvan daar later ‘n film gemaak is, is in Dover geskryf? (1)
1.17. Watter nie so bekende film is in Dover geskiet? (1)
1.18. Wat was die grootste verskil tussen Natalie en ander meisies wat Chris gehad het? (1)
1.19. Wat kon sy ander meisies nie glo van “iemand so slim soos hy” nie? (1)
1.20. In watter graad het Chris alreeds geweet hy wil Dover toe gaan? (1)
1.21. Wat moet Chris doen om nie te huil nie omdat hy na Natalie verlang? (1)
1.22. Hoe is die weer op die spesifieke fag. Gee TWEE feite. (2)
1.23. Wat het hy in die taxi wat hom nie eers warm hou nie? (1)
1.24. By watter universiteit het Natalie gaan studeer? (1)
1.25. Waaroor het Natalie meestal in haar briewe geskryf? Gee TWEE feite. (2)
1.26. Wat se werk doen Chris in Dover? (1)
1.27. Wat doen hy met die meeste van die geld wat hy verdien? (1)
1.28. Waar bly hy? (1)

1.29. Waarvoor spaar Chris? (1)
1.30. Wat is die spotnaam wat baie hom noem? (1)
1.31. Wat is die naam van die boek wat Natalie gelees het? (1)
1.32. Watter VIER dinge het Natalie in haar brief aan hom gesê? (1)
1.33. Wanneer is die taxi's baie besig? (1)
1.34. Hoe luister Chris na sy kliënte? (1)
1.35. Wat gebruik hy om almal tuis te laat voel? (1)
1.36. Wat deel Chris met sy passasiers? (1)
1.37. Waarvan maak Chris seker met sy kliënte? (1)
1.38. Waarvan is Chris die jongste in Dover en heel moontlik in Engeland? (1)
1.39. Waarop is sy baas baie trots? (1)
1.40. Hou Chris van die beskrywing? (1)
1.41. Kan witkoppe met blou oë, soos hy en Natalie, ook *Africans* wees? (1)
1.42. Waaroor wonder Chris al die hele oggend? Gee TWEE feite. (2)
1.43. Wie, wat altyd in Engeland sukkel, begin terugkeer skip toe? (1)
1.44. Wat se graad wil Chris aan die universiteit verwerf? (1)
1.45. Hoekom sal hy self daarvoor moet betaal? (1)
1.46. Hoe sal hy die eerste twee of drie jaar sy studies finansier? (1)
1.47. Wat sal hy daarna kry? (1)
1.48. Wat is ook duur? (1)
1.49. Wat hou hom "reg in die kop" (1)
1.50. Wat wil hy gaan doen na sy werk daardie aand? (1)
1.51. Van wie wil hy wegbly? (1)
1.52. Hoekom wil hy van hulle af wegbly. Gee TWEE feite. (2)
1.53. Waaroor is hy bly? (1)
1.54. Wat gaan amper vertrek? (1)
1.55. Wie was amper laat? (1)
1.56. Watter DRIE dinge doen hy toe hy die Amerikaners aflaai? (3)
1.57. Waarnatoe is hy toe oppad met sy taxi? (1)
1.58. Hoekom besluit hy om na die middestad toe te gaan met sy taxi? (1)
1.59. Wie sien hy op 'n afstand na die skip toe hardloop? Gee TWEE feite. (2)
1.60. Wat doen Chris toe? (1)
1.61. Wat sê die een meisie toe hy by hulle stop? Skryf die DRIE dinge. (3)
1.62. Wat sê hy vir haar? Gee die TWEE dinge? (2)
1.63. Wat se instruksie en vloekwoord snou sy hom toe toe? (2)
1.64. Hoekom dink Chris aan sy pa na die aanmerking van die meisie? (1)
1.65. Wat doen sy pa-hulle nog steeds? (1)
1.66. Hoe beskryf hy die meisie wat langs hom sit? (1)

1.67. Wat sou hy graag die hele aand wou doen? Gee TWEE feite. (2)
1.68. Waar sit die ander blondine? (1)
1.69. Hoe vinnig jaag Chris na die skip toe? (1)
1.70. Wat sê die meisie langs hom toe sy na hom toe draai? (1)
1.71. Waarvan hou die meisie langs hom in mans? (1)
1.72. Wat sê hy toe vir haar wat haar die indruk gee dat hy hulle nie verstaan nie? (1)
1.73. Wat dra sy? (1)
1.74. Wat se naam gee sy hom? (1)
1.75. Hoe korrigeer haar vriendin haar? (1)
1.76. Hoekom sê sy noem sy hom die naam? Gee TWEE feite. (2)
1.77. Hoekom jaag Chris? (1)
1.78. Waarvan kry hy min kans? (1)
1.79. Wat doen sy die heeltyd terwyl hy ry? (1)
1.80. Waaroor is sy jammer? (1)
1.81. Wat wil sy doen? (1)
1.82. Hoekom wil sy dit doen? (1)
1.83. Hoekom wil sy dit nie doen nie? Gee TWEE feite. (2)
1.84. Watter skrywer se boek is in Chris se taxi? (1)
1.85. Hoekom is die meisie beïndruk hieroor? (1)
1.86. Het die meisie al die boek van die skrywer gekoop? (1)
1.87. Het sy al die boek gelees? (1)
1.88. Wat sê Silina se vriendin het die engele in flieks tussen die bene? (1)
1.89. Wat se mooi liggaamsdeel van Chris, sê Salina, kan sy lekker daar sit en dophou? (1)
1.90. Waaroor kla sy? Gee TWEE feite. (2)
1.91. Wat sê Chris vir haar toe die hek van die hawe nader kom? (1)
1.92. Wat sê sy toe wat die drie agter laat proes? (1)
1.93. Hou Chris daarvan? (1)
1.94. Wat oorweeg Chris om te doen? (1)
1.95. Wat doen Chris toe hy betrap was dat hy na Salina kyk? (1)
1.96. Hoekom is Salina se rugsak swaar? (1)
1.97. Wie betaal Chris? (1)
1.98. Wat moet Chris teenoor homself erken? (1)
1.99. Hoekom bloos Chris toe? (1)
1.100. Wat doen hy toe sy wegstap? (1)
1.101. Wat doen sy toe hulle oë ontmoet nadat sy omgedraai het? Gee TWEE feite. (2)
1.102. Wat doen sy toe? (1)
1.103. Wat sê hy vir homself toe sy in die ry gaan staan om deur sekuriteit te gaan? (1)
1.104. Oor hoeveel dae gaan Salina in Londen wees? (1)
1.105. Hoe lank gaan Salina in Londen wees? (1)

1.106. Wat moet Chris doen om van sy werk af te kry? (1)
1.107. Wat skryf Chris voor in die boek? Gee VIER feite. (4)
1.108. Wat skree Chris vir Salina toe sy al op die loopplank is? (1)
1.109. Wat is Salina se reaksie? Gee DRIE feite. (1)
1.110. Wat doen sy met die boek toe sy dit kry? (1)
1.111. Hoekom belsuit Chris om na ‘n klein, klein kroegie te gaan? (1)
1.112. Hoekom wil hy vanaand een bier op homself drink? (1)
1.113. Waaroor is hy bekommerd oor Salina? Noem VIER feite. (1)
1.114. Wat se opmerking maak die kroegman teenoor hom? (1)
1.115. Wat doen hy en die kroegman saam op stil aande? (1)
1.116. Wat bied die kroegman Chris aan om te eet? (1)
1.117. Wat het Chris laat vergeet van sy rowwe dag? Gee TWEE feite. (2)
1.118. Hoe voel Chris op daardie oomblik? (1)
1.119. Hoe is die weer? (1)
1.120. Wat se gevoel kan Chris nie afksud nie? (1)
1.121. Wat gaan die kroegman vir Chris verniet gee saam met sy pastei? (1)
1.122. Hoekom doen die kroegman dit? (1)
1.123. Wat sal sy ouers nie verstaan nie? (1)
1.124. Watter tipe mense, volgens sy ouers, gaan kroeg toe? (1)
1.125. Hoekom, volgens sy ouers, gaan mense kroeg toe? (1)
1.126. Wat se tipe pastei is dit wat hy eet? (1)
1.127. Wie stuur toe vir hom ‘n boodskap oor sy selfoon? (1)
1.128. Wat is Salina te bang om te doen? (1)
1.129. Wil Salina Chris in Londen ontmoet? (1)
1.130. Wanneer sal sy hom weer sms? (1)
1.131. Hoe stadig sê Chris moet hulle hulle verhouding vat toe hy haar terug antwoord? (1)

NIE-LETTERLIK

Vraag 2.

2.1. Pas KOLOM A by KOLOM B n.a.v. die eerste sin, wat later in die verhaal duidelik word; (3)

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1.	Dat toe mos kom	A	Die inhoud daarvan is dat Natalie iemand anders ontmoet het.
2.1.2.	Vandag	B	Chris is ontsteld.
2.1.3.	die brief	C	Chris verlang huistoe.

2.2. Tref ‘n vergelyk tussen ’n paar meisies wat daardie oggend verby was wat Afrikaans gepraat het en Natalie wat hy dan weer vir naby hom wil hê. (2)

2.3. Verduidelik:

a. Sy hand onthou sy pa se groet. (1)
b. Sy wange onthou sy ma se soene. (1)

2.4. Hoekom dink jy het hy amper die hele Engeland-storie afgestel? (1)

2.5. Verduidelik:

a. Natalie was werklik die eerste meisie op wie hy hartgrondig verlief was. (1)
b. Daar was al soene in die bus, sokkies saam met iemand wat sy hart laat fladder het, flieks waarvan hy nooit die storie sou kon oorvertel nie. (1)

2.6. Wat kan ons aflei uit die volgende aanhaling: “ of wat nie kon glo dat “iemand so slim soos hy” eers ’n jaar wil gaan werk voor hy gaan studeer nie.” (2)

2.7. Wat se karaktereienskap het Chris as dit in die verhaal sê: “ In graad 11 het hy al geweet hy wil in Dover kom werk.” (1)

2.8. Verduielik:

a. hom oor ’n mik gewerk. (1)
b. Dis ’n grys dag. (2)

2.9. Watter universiteit word “Maties” genoem? (1)

2.10. Verduidelik: “Maar hy was tot nou toe heel bereid om te wag vir Natalie.” (2)

2.11. Beskryf Chris se huidige akomodasie as hy sê: “Soos hier wil hy in Suid-Afrika ’n klein kamertjie huur waar hy sy rekenaar, sy boeke en sy kamera kan neersit. (1)

2.12. Wat is Chris se stokperdjies n.a.v. die dinge wat hy in sy kamer het volgens die bg. vraag? (3)

2.13. Verduidelik: “Hy spaar vir die voorreg om te studeer sonder die sotternye van ander om hom.” (2)

2.14. Noem ‘n paar “sotternye” van student. (4)

2.15. Hoekom noem baie hom “Ou suurknol”? (2)

2.16. Verduidelik: “Natalie het daardie ver kyk in haar oë gehad toe sy *Possession* toegemaak het.” (2)

2.17. Hoekom was hulle sedert sy *Possession* gelees het onafskeidbaar? (1)

2.18. Met die aanhef van die brief van Natalie sê sy “*Beste Chris”* wat onmiddelik sinspeel op niks meer as vriendskap nie. Gee die inhoud van haar brief in een sin. (2)

2.19. Verduidelik: “*Ek gaan met die deur in die huis val.”*

2.20. Waarna dink jy verwys Natalie as sy praat van "*die* Bos”? (1)

2.21. Verduidelik: “...*want ek weet jy sal wil aanhou briewe kry.*” (2)

2.22. Hoekom is Chris bly omdat hy op daardie spesifieke dag besig is? (2)

2.23. Verduidelik: “As die groot skepe hier vasmeer, dan ry die taxi’s.” (2)

2.24. Hoekom moet Chris vriendelik na sy klante luister? (1)

2.25. Hoekom sal sy perfekte Engelse aksent almal tuis laat voel? (1)

2.26. Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit die aanhaling wat sê dat Chris die omgewing baie goed ken.

Hy deel sy grondige kennis van die omgewing met die passasiers en maak seker dat elkeen spesiaal voel.

2.27. Hoekom verwys die baas na hom as sy “African driver”? (1)

2.28. Hoekom dink jy hou hy van die beskrywing? (2)

2.29. Kan witkoppe met blou oë, soos hy *Africans* wees? Verduidelik jou antwoord.(2)

2.30. Hoekom dink jy wil Natalie nie sê wie dit is met wie sy ‘n verhouding het nie? (1)

2.31. Hoekom dink jy sukkel die Amerikaners altyd in Engeland? (1)

2.32. Gee ‘n sinoniem vir “fooitjies”. (1)

2.33. Hoeveel kos dit om ’n ingenieursgraad te doen? (1)

2.34. Hoekom dink jy is beurse vir ingeneurswese skaars? (2)

2.35. Chris sê hy sal die eerste twee of drie jaar self betaal om ingeneurswese te studeer en daarna sal hy hulle wys. Wat bedoel hy hiermee? (2)

2.36. Hoekom sal sy pa en ma bekommerd wees of hy beurse kry of nie? Verduidelik volledig. (2)

2.37. Waarop spandeer Chris die meeste van sy geld op die oomblik? (1)

2.38. Hoekom dink jy sê hy “boeke en flieks hou hom reg in die kop.” (2)

2.39. Hoekom wil ander Suid-Afrikaners die hele tyd hê hy moet saam met hulle dronk word en probeer score met die Engelse meisies? (2)

2.40. Hoekom dink jy wil hy spesifiek niks met Suid-Afrikaner daardie dag te doen hê nie? (2)

2.41. Hoekom is hy bly dat hy besig is? (1)

2.42. Gee ‘n sinoniem vir “gul”. (1)

2.43. Hoekom sal hy nadat hy die Amerikaners afgelaai het nie meer so besig wees nie? (1)

2.44. Gee ‘n sinoniem vir "ouens”. (1)

2.45. Hoekom sê hy “Mal, maller, malste hardloop hulle skip toe”. (1)

2.46. Gee ‘n sinoniem vir “lepel” soos dit gebruik word in “trap die lepel” (1)

2.47. Hoe kon Chris in die EEN sin wat die mooi meisie in Afrikaans sê agterkom sy is van die Bo-Kaap? (1)

2.48. Wat dink jy sou sy pa gesê het oor die afkoms van die mense uit die Bo-Kaap? (1)

2.49. Hoe dink mense wat in hokkies dink? (2)

2.50. Hoekom is dit ironies dat die die blondine wat vasgedruk sit tussen die twee mans vra “Sê nou hy verstaan jou?” (1)

2.51. In watter konitasie kan die goue kruisie wat Silina dra Chris aan sy pa herinner? (1)

2.52. Wat dink jy wou Chris doen toe hy dink “Onse taal”? (1)

2.53. As Silina sê sy wil Chris soen kan ‘n mens dink dat sy maar ‘n los meisie is omdat sy hom nie eers ken nie. In Salina se SMS aan Chris word die teendeel bewys. Verduidelik. (2)

2.54. Hoekom moet ’n vrou haar plek in die vreemde ken? (2)

2.55. Wat se tipe boeke skryf Umberto Ecco? (1)

2.56. Wat sê dit van Silina dat sy ook van Umberto Ecco se boeke lees? (1)

2.57. Wat sê dit vir ons van Silina se vriendin as sy sê dat engele in die flieks niks tussen die bene het nie en Silina antwoord dat dit haar gebied daardie is? (1)

2.58. Wat sê dit vir ons as Silina sê: “Ai, hoekom moet ek altyd die regte mans op die verkeerde plek raakloop?” (1)

2.59. Gee ‘n sinoniem vir “proes”. (1)

2.60. Verduidelik: “Hy’s betrap”. (2)

2.61. Wat ervaar Chris omdat hy die heeltyd vir homself herhaal “Sy lees Ecco” (1)

2.62. Die verteller sê: “En vir die tweede keer in sy lewe doen hy iets heeltemal reg.” Wat dink jy was die eerste ding wat Chris reg gedoen het? (1)

2.63. Wat word gesuggureer deur Chris wat skryf: “Vir die enigste ander jong mens wat Ecco lees?” (1)

2.64. Hoekom breek Silina se mond oop in ‘n reuse-glimlag toe sy die boek sien? (1)

2.65. Verduidelik: “I’ll give you ‘alf a pint on the ‘ouse.” (1)

2.66. Verduidelik: “ Die dag begin hom inhaal.”

2.67. Bespreek die positiewe en die negatiewe van die volgende stelling: “net sleg mense drink en jy het net kroeg toe gegaan om heeltemal dronk te word.” (4)

2.68. Skryf Silina se hele SMS in goeie volsinne in korrekte Afrikaans. (7)

2.69. Skryf Chris se hele SMS in goeie volsinne in korrekte Afrikaans. (3)

Vormaspekte

Vraag 3.

2.1. Skryf die kronoliese verloop van gebeure in die verhaal. (20)

2.2. Alhoewel dit nie pertinent genoem en bespreek word nie is daar tog konflik in die verhaal. Tusen watter twee karakters is daar konflik. Haal aan uit die storie om dit te staaf. (2)

2.3. Bespreek al die karakters in die storie in detail. (20)

2.4. Watter tipe verteller is aan die woord in die verhaal? (1)

2.5. Bespreek die ironie in die verhaal. (5)

2.6. Wat veroorsaak die intrige in die verhaal. (2)

2.7. Bepreek die ruimte of die milieu in die verhaal. (10)

2.8. Bespreek die stemming in die verhaal. (5)

2.9. Wat is die tema van die verhaal. (2)